higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 3

(9020023)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Klassifiseer die volgende as probleme wat verband hou met manlike en vroulike voortplantingsgesondheid:

ektopiese swangerskap; herpes; MIV; orgitis; fimose; sifilis; polisistiese ovariumsindroom; balanitis; gonorree; dismenorree

Tabuleer jou antwoord in die ANTWOORDBOEK soos volg:

MANLIKE VOORTPLANTINGS-GESONDHEIDS-PROBLEME	VROULIKE VOORTPLANTINGS-GESONDHEIDS-PROBLEME	MANLIKE AND VROULIKE VOORTPLANTINGS-GESONDHEIDSPROBLEME

(10 × 1) (10)

1.2 Noem sekere van die hoofsimptome of veranderinge wat met die liggaam van 'n swanger vrou in elk van die volgende stelsels gebeur:

1.2.1 Vel- en bedekkingstelsel (4)

1.2.2 Urinestelsel (1)

1.2.3 Verteringstelsel (3)

1.2.4 Voortplantingstelsel (2)

1.3

Julia is 'n 19-jarige kollegestudent. Sy hou van partytjies 'n paar nagte 'n week, rook sigarette en drink alkohol. Sy het verlede week uitgevind sy is swanger, maar sy het laasnag weer gerook en gedrink.

Verduidelik hoe Julia se leefstyl en gedrag haar swangerskap en haar baba kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Emosionele mishandeling is boelie-gedrag teenoor 'n ander persoon.

2.1.2 Baie vrouens word elke dag in Suid-Afrika mishandel.

2.1.3 Onvrugbaarheid is die vermoë om swanger te word ná een jaar van gereelde seksuele omgang.

2.1.4 Die omstandighede waarin 'n vrou is wanneer sy swanger raak, affekteer haar swangerskap, welsyn en die welsyn van haar kind.

2.1.5 Ondervoeding veroorsaak vele gesondheidsprobleme, insluitend lae immuniteit en infeksies.

2.1.6 Kanker kan slegs in sekere areas van die liggaam ontwikkel.

2.1.7 Beendigtheidstoetse word gebruik om osteoporose op te spoor.

2.1.8 Die emosionele effek van 'n aborsie kan skuldgevoel, depressie, huilerigheid en/of buierigheid insluit.

2.1.9 Blootstelling aan die menslike papillomavirus veroorsaak borskanker.

2.1.10 Menstruasie word deur estrogeen en progesteroon beheer.

(10 × 1) (10)

2.2 Noem die VIER kernfaktore wat gesondheid beïnvloed. (4)

2.3 Verduidelik jou begrip van hoe die volgende kwessies vrouegesondheid beïnvloed:

2.3.1 Die politieke en finansiële stabiliteit van 'n land

2.3.2 Lewensomstandighede

2.3.3 Toegang tot gesondheids- en sosiale dienste

(3 × 3) (9)

2.4 Gee 'n opsomming van die rol van 'n vrou in die voorkoming van gesondheidskwessies wat vroue affekteer. (7)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Definieer die volgende terme:

3.1.1 Jong kind

3.1.2 Kind

3.1.3 Immunisering

3.1.4 Dehidrasie

3.1.5 Mondelinge rehidrasie

(5 × 2) (10)

3.2 Noem TWEE ontwikkelingsmylpale vir elk van die ouderdomsgroepe wat hier onder genoem word:

3.2.1 Die drie-maande oue baba

3.2.2 Die ses-maande oue baba

3.2.3 Die nege-maande oue baba

3.2.4 Die een-jaar oue jong kind

3.2.5 Die kleuter

(5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 Noem VYF tekens van dehidrasie. (5)

3.3.2 Wanneer sal jy mediese hulp kry wanneer dehidrasie in 'n baba voorkom? (5)

[30]

NCV

VRAAG 4

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 In Suid-Afrika is jy geregtig op 'n ouderdomstoelaag op die ouderdom van …

A 65
B 60
C 75
D 64

4.1.2 ... is die mees algemene vorm van demensie in ouer mense.

A Rumatoïede artritis
B Osteoartritis
C Alzheimer se siekte
D Parkinson se siekte

4.1.3 ... is 'n chroniese outo-immuun versteuring wat inflammasie in die gewrigte veroorsaak.

A Rumatoïede artritis
B Parkinson se siekte
C Alzheimer se siekte
D Osteoporose

4.1.4 Parkinson se siekte …

A affekteer die persoon slegs fisies.
B affekteer die persoon slegs geestelik.
C affekteer die persoon slegs fisies en geestelik.
D affekteer mense nie.

4.1.5 Dit is belangrik om die aktiwiteite van daaglikse lewe in ouer mense te beoordeel omdat …

A dit ons help om te bepaal wanneer ouer mense oud geword het.
B dit ons help om te bepaal hoeveel bystand 'n ouer persoon nodig het.
C 'n ouer persoon in staat stel om hulle onafhanklikheidsin te behou.
D ouer mense 'n pensioen kry.

NCV

4.1.6 Dit is moeilik om die mishandeling van ouer mense in Suid-Afrika te assesseer omdat …

A dit te veel gebeur.
B dit nie gereeld gebeur nie.
C dit dikwels nie gerapporteer word nie.
D daar belangriker misdaad is.

4.1.7 Die … Wet maak voorsiening vir die verpligte rapportering van mishandeling.

A Bejaarde
B Wet op Ouer Persone
C Pensioen
D Wet op Beroepsgesondheid

4.1.8 Die bevrugte sel wat die gevolg is van die eenwording van die sperm en die ovum word 'n ... genoem.

A ovariumsist
B endometrium
C embrio
D sigoot

4.1.9 Ovulasie behoort op die ... dag van 'n 28-dag menstruele siklus plaas te vind.

A 1ste
B 12de
C 14de
D 21ste

4.1.10 Die ... beskerm teen seksueel oordraagbare siektes.

A kondoom
B ritme-metode
C IUA
D inspuiting

(10 × 1) (10)

4.2 Nomsa, 'n 62-jarige dame besoek die gemeenskapsentrum waar jy werk. Sy kla dat sy nie in staat is om sekere van die dinge te doen wat sy kon doen toe sy jonger was nie.

4.2.1 Noem die TWEE kategorieë aktiwiteite van daaglikse lewe wat jy tydens die besoek sal assesseer. (2)

4.2.2 Noem en verduidelik VIER fisiese veranderinge wat mense affekteer wanneer hulle ouer word. (4 × 2) (8)

4.3 As 'n gemeenskapslid, wat is jou verantwoordelikhede om 'n veilige omgewing vir 'n bejaarde familielid of bure te verseker? (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Die opsetlike gebruik van fisiese krag teen jou eie liggaam of iemand anders se liggaam	A	besering
5.1.2	Sluit skadelike dade of gedagtes teenoor die self in	B	primêre voorkoming
5.1.3	Die skade aan 'n liggaam veroorsaak deur sekere eksterne metodes	C	misbruik
5.1.4	Rehabilitering van geweldsoortreders	D	oorlog
5.1.5	Om jou kind se behoeftes te ignoreer	E	interpersoonlike geweld
5.1.6	Mishandelende gedrag deur een of albei maats in 'n intieme verhouding	F	selfgerigte geweld
5.1.7	Gedrag wat deur iemand gebruik word om beheer of mag oor iemand anders te hê	G	lyfstraf
5.1.8	'n Voorbeelde van gesamentlike geweld	H	geweld
5.1.9	Oogmerk is om geweld te voorkom voordat dit plaasvind	I	verwaarlosing
5.1.10	Fisiese straf, gewoonlik deur owerheid, as vergelding vir 'n oortreding	J	sekondêre voorkoming
		K	tersiêre voorkoming

(10 × 1) (10)

5.2 Verduidelik die verskil tussen *opsetlike* en *onopsetlike beserings*. (2 × 2) (4)

5.3 Noem VIER tipes opsetlike beserings. (4)

5.4 Noem VIER tipes onopsetlike beserings. (4)

5.5 Gee VIER redes waarom 'n vrou sal kies om voorbemiddels te gebruik.(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 6

6.1 Noem VIER tekens of simptome van alkoholmisbruik en verduidelik elkeen kortliks. (4 × 2) (8)

6.2 Noem DRIE voordele van goeie voeding. (3)

6.3 Noem DRIE voordele van goeie oefening. (3)

6.4 Noem DRIE tipes geestesgesondheidsversteurings. (3)

6.5 Noem VIER sosiale of omgewingsoorsake van geestesversteurings. (4)

6.6 Amy is 'n kollegestudent wat soms sukkel om 'n balans te vind tussen haar studie, om haar 2-jarige seun te versorg en vrywillige werk by die plaaslike skuiling te doen. Tydens eksamens ervaar sy soms angstigheid, maar sy slaag steeds daarin om goeie punte te behaal. Sy het geleer om haar familie vir hulp te vra en nee te sê vir hulpversoeke wanneer dinge te veel raak vir haar.

6.6.1 Uit die scenario hier bo, dink jy Amy ervaar goeie geestesgesondheid? (1)

6.6.2 Deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie se definisie van geestesgesondheid te gebruik, verduidelik waarom jy die antwoord gegee het wat jy in VRAAG 6.4.1 gegee het. (4 × 2) (8)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou